**Skriflesing:** Matteus 6:1-18; Kolossense 3:23
**Tema:** Ons leef vir ‘n gehoor van Een.

Waarom doen ek as kind van die Here die goeie goed wat ek doen? Wat of wie is my motivering? Fokus ek op die Here of fokus ek op myself en op ander mense?

Waarom doen ons diens van barmhartigheid, is daar vandag ‘n gesinsuitreik na Aurora en gaan die bedieningsdankoffer vir Huis Louisa Meyburgh?
Waarom bid ons?
Waarom is ek kerkraadslid, jeugmentor of ‘n kleingroepleier?
Waarom is ek vanoggend in die erediens? Waarom gaan die dominee en die musiekleiers voor en is hier ‘n klomp ander mense op diens?

Die gevaar is dat ons maklik hierdie goed vir mense kan begin doen. Ons sal kos uitdeel, solank die kamera’s daar wees. Wanneer ons bid of vas sorg ons dat mense daarvan weet.

Ek is oortuig dat almal in die gemeente van ons barmhartigheidbediening en uitreike moet weet. Dan kan ons daarvoor bid, uit dankbaarheid vir al ons seëninge leef en dit moedig ons ook aan om betrokke te raak. Maar die res van die wêreld hoef nie van al hierdie goed te weet nie.

Jesus het nie ‘n probleem met enige van dié goed wat ons doen nie. Sy vraag aan elkeen van ons vanoggend is vir wie jy dit doen?

Vloei dit voort uit ‘n lewende, intieme, dankbare verhouding met God of doen jy dit sodat mense jou kan sien en jou ‘n kloppie op skouer kan gee.

Daar is niks verkeerd met ‘n kloppie op skouer as blyk van waardering nie. Dit mag net nie my, of ons as kerk, se motivering wees om te doen wat ons doen nie.

Jesus maak ‘n duidelike onderskeid tussen skynheiliges en ware heiliges en Hy gebruik diens van barmhartigheid, gebed en vas as voorbeelde.

**Diens van barmhartigheid**
Armsorg was 'n belangrike deel van die Joodse en vroeg-Christelike gemeenskapslewe. Dit was egter baie afhanklik van ‘n paar ryk individue se vrygewigheid. Presies hier het die probleme ontstaan.

Skynheiliges met selfsugtige motiewe het hulle bydraes met groot vertoon in die openbaar gegee om deur mense gesien te word. Wanneer hulle armes gehelp het, moes almal daarvan weet en met lof van hulle praat. Hul beloning was dan ook dat mense met hulle beïndruk was en vir hulle hande geklap het.
‘n Mens kry vandag steeds mense wat goeie goed doen en dan ongelukkig is omdat geen mens vir hul dankie gesê het nie. Met ander woorde hulle doen wat hulle doen sodat mense hulle moet raaksien.

Jesus sê dat ons linkerhand nie moet weet wat ons regterhand doen nie. Egte liefde is nie bewus van die goeie wat hy doen nie. Ons kan hier dink aan die toneel van die laaste oordeel in Matteus 25:34-40. Ek som dit kortliks op.
[34]"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, [35]want Ek was honger, dors, 'n vreemdeling, sonder klere, siek, in die tronk en julle het My versorg
[37]Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons die dinge aan U gedoen?
[40]En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.'

Dié wat gaan deel aan die koningsheerskappy van God, is baie verbaas om te hoor dat hulle hulpverlening deur God raakgesien is. Hulle het maar net gedoen wat vir 'n kind van die Here voor die hand liggend is, sonder om berekenings daaroor of aantekening daarvan te maak.

'n Goeie daad, wat voorvloei uit 'n dankbare hart, is nie iets waarmee gespog word nie. Dit het nie mense se toejuiging nodig nie . Ons Vader wat alles weet, sal ons daarvoor beloon. Nou is dit ook belangrik om vir mekaar te sê dat ons goeie dade nie vir God kan beindruk nie en ons kan niks daarmee by Hom verdien nie. 'n Intieme geloofsverhouding met God hou sy eie beloning in. Hy seën vir ons met 'n lewe van oorvloed wat uitloop op die volmaakte ewige lewe.

Jesus maak ook onderskeid tussen skynheiliges en ware heiliges deur gebed en vas as voorbeelde te gebruik.

**Gebed.**
Ek hanteer nie vas afsonderlik nie, want dieselfde riglyne vir gebed, geld ook vir vas. Dit is albei 'n persoonlike saak tussen jou en die Here.
Die Jode het gereelde bidtye gehad. Dit was nie ongewoon om mense op straat te sien bid nie en dit was ook nie die probleem nie
Die probleem was dat skynheiliges, in die sinagoge en op straat, doelbewus gebid het sodat mense kan sien hoe vroom hulle is. So 'n gebed is nie meer gebed nie, dit is 'n gespog.
Die feit dat mense skynheiliges gesien en gehoor het, was hulle beloning.

Gebed is iets heelmal anders as openbare vertoon. Gebed is 'n intieme gesprek met God. Daarvoor is die privaatheid van jou kamer die beste plek.
Ons leer dit by Jesus. Nadat Jesus die melaatse genees het, lees ons in Lukas 5:16 "Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid."

Beteken dit dat openbare gebed verkeerd is? Jesus (Matteus 14:19) en Paulus (Handelinge 27:35) en vele ander het self by meer as een geleentheid voor mense gebid? En wat van die gebede vanoggend in die erediens en by bidure wanneer meer mense bymekaarkom om te bid?
Jesus plaas nie hier 'n verbod op openbare gebed nie. Solank openbare gebed steeds op God fokus en 'n ware gesprek met Hom bly, het Hy geen probleem daarmee nie.

'n Tweede gevaar by gebed is om God se aandag te probeer trek met ‘n stortvloed van woorde. Sommige mense het gedink dat hulle God se aandag kan kry deur ‘n herhaling van sy Naam, dieselfde rympie oor en oor te sê of lang en intense gebede te bid. So asof God nie in elk geval by jou is en alles van jou weet nie! (Matteus 6:8)
Uit die feit dat God alles weet, moet ons nie aflei dat gebed oorbodig is nie. Maar gebedshoor en -verhoring is nie van ons mooi, verhewe, lang, ernstige of kettinggebede afhanklik nie. God wíl jou gebed hoor en verhoor.
Maar jou motiewe is belangrik. Die oomblik wanneer jy God of mense probeer beïndruk of beinvloed, het jy klaar die gesprek kortgeknip.

Hóé moet ons dan bid? Jesus self leer vir ons die “Ons Vader” gebed. Hierdie is ‘n preek op sy eie. Ek maak net 4 kort opmerkings:
Dit is nie ‘n individuele selfsugtige gebed nie. Ons bid, saam met baie ander, tot **ons** Vader.
Die gebed skop af met ‘n fokus op die Here. Gebed begin met aanbidding.
Ons vind in die ons Vader gebed drie "U"-bedes (Matteus 6:9-10) en drie "ons"-bedes (Matteus 6:11-13) Gebed vloei voort uit ‘n lewende verhouding tussen ons en die Here.
Die gebed is kort en eenvoudig – dit bestaan uit 5 verse en in totaal 63 woorde.

Ek sluit af met ‘n vraag wat elkeen aan hom- of haarself moet vra: “Waarom doen ek as kind van die Here die goeie dinge wat ek doen? Dien ek God of beindruk ek mense? Ek en jy leef altyd voor ‘n gehoor van Een.
Amen